

Die resep vir spraak 1: (en latere skryf en lees)

Normale gehoor: Mens moet goed kan hoor, om goed te praat! Babas en peuters hoor hulself en ander en verfyn die motoriese plan vir spraak wat hulle uit hul langtermyn-geheue oproep om mee te werk.

Interaksie met ouers en ander belangrike mense. Jou kind se binding en verhouding met jou is baie belangrik vir sy spraakontwikkeling. Die feit dat jy elke keer reageer, is hoe hy leer praat. As hy geluidjies maak, rek jy jou oë, boots hom na en prys hom sodat hy dit weer wil doen.

Gesonde artikulasiestrukture. Die artikulasiestrukture is die meganismes wat asemhaling, stemgewing, resonansie en vorming van klanke moontlik maak. Dit behels hoe die klanke in die neus en mondholte klink, die vervorming van die klanke deur die tong en in die mondholte en die verskil in klank as die kakebeen lig of sak.

Ouditiewe verwerking—die kleuter moet spraak kan hoor en volgehoue aandag daaraan kan gee (luister), maar hy moet ook kan hoor dat sekere klanke anders is (onderskei) en uit dit wat hy hoor, moet hy betekenis kan heg aan klanke. (verstaan)

Die resep vir spraak 2: (en latere skryf en lees)

Neurologiese ryping en breinontwikkeling: Spraak het 'n baie spesifieke motoriese ontwikkelingsplan wat anders lyk as die motoriese plan vir byvoorbeeld eet, al gebruik jy vir albei jou mond. Dit is deels omdat die verbindings in die brein wat vir spraak nodig is, eers gevorm moet word en miëlinasie (die vorming van 'n vetterige laag om die senuwees) moet plaasvind sodat die breinboodskappe wat vir spraak nodig is, vinniger kan beweeg. Spraak het jou mees gesofistikeerde motoriese plan.

Geheue: Jou baba moet kan onthou om te praat. Hy moet patrone na sy werkgeheue (waar hy inligting tydelik berg en daarmee werk) kan oproep, maar ook inligting dieper in die langtermyngeheue kan bêre sodat hy dit elke keer kan herroep as hy wil praat.

Stilte: Gedurige geraas in die klankomgewing meng met taalontwikkeling in. Dit is geraas soos radio's en televisiestelle wat gedurig speel of mense wat baie hard met mekaar praat, sonder om met baba te praat. Dit maak dit vir jou kind moeilik om tussen klanke te onderskei en te fokus op sekere klanke om woorde aan te leer. Enige besorgdheid oor iets wat spraakverwant is, op enige ouderdom, kan met 'n spraakterapeut of audioloog opgeneem word.

KREATIWITEIT:

Kreatiwiteit is 'n Godgegewe talent wat almal ontvang. Kinders van 3-5 jaar besit 98% kreatiwiteit, maar, skokkend, kinders van 10 jaar het maar 32% kreatiwiteit oor! Dit is 'n aanklag teenoor ons volwassenes!

Ons laat kinders nie toe om hul kreatiwiteit te ontwikkel volgens hul eie tempo en vermoë nie. Ons beantwoord nie hul ontelbare vrae nie. Ons maak hul stil. Ons sorg dat hul rekenaarspeletjies speel, televisie kyk of items volgens patroon maak, waar die een soos die ander lyk en hul glad nie hoef te dink nie!

Kinders wat teken, knip en plak, skeur en frommel, konstruksies bou en houtwerk doen, kry die geleentheid om hul gedagtes uit te druk, oefen om te beplan en ontwikkel fyn-motoriese vaardighede. Hul maak planne en los probleme op. Hul brein werk en groei.

Laat ons ons kinders se uniekheid vier! Laat ons hul toelaat om kinders te wees! Laat ons hul toelaat om foute te maak en daaruit te leer! Die kindertyd is so kort, ons mag dit nie ook nog van ons kinders steel nie!

Sand en Waterspel:

Sand- en waterspel hou voordele in waarby kinders baie kan baat, daarom is die tipe spel ingesluit in die kurrikulum vir voorskoolse onderrig. Spel help kinders om volume te verstaan en geniet die sensoriese aard van sand en waterspel. Hul beleef sukses omdat daar nie 'n reg en verkeerd is nie, behalwe om by eenvoudige reëls te hou, soos om nie ander met sand of water te gooi nie.

Wat verder baie interessant is, is dat Rooi Rose van Augustus meld hoe terapeuties sandspel vir volwassenes is!

Net soos jou liggaam 'n natuurlike behoefte het om homself te heel, so het jou psige dit ook. Die psige het 'n instinktiewe wysheid om deur die simbole van sandspel tot heling en heelheid te kom.

In hierdie nie-bedreigende spelsituasie, waar geen druk op jou geplaas word nie, kry mense toegang tot hul onbewuste. Dit is 'n regterbreinterapie, wat die logika en taal van die linkere brein sistap. Angs en trauma word in die regterbrein geberg. Vrese en angs kan deur sandspel ontloot en uitgespeel word!

Om saam met jou kind in die sand te speel, is van onskatbare waarde, vir jou en jou kind!